# DIE TRAUMATIESE NALATENSKAP VAN DIE ANGLO-BOEREOORLOG SE KONSENTRASIEKAMPE

**André Wessels**[1]

**ABSTRACT**

*The Anglo-Boer War of 1899 to 1902 is the most extensive war that has thus far been fought in South Africa. The struggle had characteristics of a civil war and a total war, and the consequences of the war were felt throughout the twentieth century. In this regard the British scorched-earth policy and concentration camp system are of particular importance. It is the purpose of this article to give a critical evaluation of the traumatic consequences that the Anglo-Boer War had for the Afrikaners in particular, as well as for the other inhabitants of South Africa. After the war, many Afrikaners endeavoured to regain their republican independence, but for several decades they were unsuccessful. The rebellion of 1914 to 1915 led to more bitterness and trauma. In due course the Afrikaner's fear of British imperial domination was replaced by the fear of domination by black people. After 1948, when the National Party with its policy of apartheid came to power, those who were traumatised during the Anglo-Boer War became the new traumatisers, setting in motion a chain of events that eventually led to much violence in the country.*

---

## 1. INLEIDING

Die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902 is die omvangrykste oorlog wat tot nog toe in Suid-Afrika gevoer is. Dit was 'n stryd wat kenmerke van sowel 'n burgeroorlog as 'n totale oorlog gehad het en die gevolge van die konflik kan tot aan die einde van die twintigste eeu deurgetrek word; trouens, die geestelike en sielkundige littekens daarvan word die nuwe millennium ingedra.

Ten einde die politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika in die loop van die twintigste eeu te begryp, is kennis van en insig in die aanloop tot, verloop en gevolge van die Anglo-Boereoorlog noodsaaklik. Ook die geskiedenis van die Afrikanervolk kan nie ten volle begryp word indien die Anglo-Boereoorlog nie behoorlik verreken word nie. Saam met die Groot Trek gedurende die dertigerjare van die neëntiende eeu was die Anglo-Boereoorlog immers die mees epogmakende

---

1 Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

gebeurtenis in die geskiedenis van die Afrikaner.[2] Dit is dus die doel van hierdie artikel om, sowat honderd jaar na afloop van die Anglo-Boereoorlog, die traumatiese gevolge wat dié stryd vir die Afrikaner, maar ook die ander inwoners van die land in die loop van die twintigste eeu ingehou het, krities in oënskou te neem.

Die gevolge van die konsentrasiekampe (waarna in baie Britse bronne verwys word as "vlugtelingkampe", en in sommige Afrikanerkringe as "moordkampe") staan waarskynlik uit bo al die ander gevolge van die oorlog. Anders as afgebrande plaashuise wat weer opgebou kon word, kon diegene wat in die kampe gesterf het immers nie weer opgewek word nie. Die trauma wat deur die Britse konsentrasiekampstelsel veroorsaak is, sou nog lank bly spook by sowel Afrikaners as ander inwoners van Suid-Afrika.

In vergelyking met die Engelstalige blanke deel van die Suid-Afrikaanse bevolking - om van Europese volke nie eens te praat nie - is die Afrikanervolk se ontwikkelingsgang by talle geleenthede vertraag.[3] Die feit dat veeboere in die loop van die agtiende eeu al verder ooswaarts en die binneland in getrek het, het beteken dat hulle al verder van die meer gekultiveerde kolonie in die Kaapse Skiereiland en omgewing verwyderd geraak het. Dit geld ook vir die Voortrekkers wat in die loop van die dertigerjare van die neëntiende eeu die binneland in getrek het. In die binneland het die Voortrekkers 'n aantal onafhanklike republieke tot stand gebring waar hulle ongestoord (en in 'n groot mate geïsoleerd) 'n bestaan wou voer. Talle botsings met plaaslike (of aangrensende) swart stamme het wel plaasgevind, iets wat rasseverhoudinge geskaad het.

Die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog het ook tot ontwrigting, trauma, verwildering en vertraging aanleiding gegee. 'n Groot deel van die Afrikanervolk is verarm en talle Afrikaners wat alles op hul plase verloor het, het 'n nuwe heenkome in dorpe en stede gaan soek. Sommige van hulle het met verloop van tyd deel van die sogenaamde armblankevraagstuk geword. In die stedelike gebiede is vrees vir Britse oorheersing weldra vervang deur vrees vir oorheersing deur swart mense,[4] onder meer omdat hulle met swartes om werksgeleenthede gewedywer het. Baie van hierdie blankes het ondersteuners van die Nasionale Party se beleid van apartheid geword.

---

2 Daar was, en is, geen tipiese Afrikaner nie. Vir die doeleindes van hierdie studie word die Afrikaner beskou as 'n Afrikaanssprekende blanke - met ander woorde in die enger sin van die woord.

3 Kyk FA van Jaarsveld, "Die Afrikanerdom: 'n histories-vertraagde volk – weg en selfbegrip", **Historia** 31(2), September 1985, pp. 6-32.

4 Wat betref die rol wat vrees in die geskiedenis van Suid-Afrika gespeel het, kyk bv. HJ du Bruijn, **Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding** (M.A., UOVS, 1995).

## 2. HISTORIESE AGTERGROND

Die Anglo-Boereoorlog was die 226ste van 230 oorloë, veldtogte en strafekspedisies waarby die Britse Leër betrokke was in die 64 jaar dat koningin Victoria se regeertyd gestrek het vanaf 1837 tot 1901.[5] 'n Mens sou kon dink dat die Britse Leër (en die Britse politici) teen 1899 ervare genoeg sou gewees het om vroegtydig en behoorlik vir 'n oorlog teen die Boererepublieke voor te berei. In die praktyk was dit egter nie die geval nie[6] en hoewel baie Britte van mening was dat die oorlog voor Kersfees 1899 iets van die verlede sou wees, sou die oorlog uiteindelik meer as twee en 'n half jaar lank voortsleep. Hoewel beide kante aanvanklik die stryd as 'n "gentleman's"- en 'n witmansoorlog beskou het, was dit van meet af aan nog die een nog die ander.[7]

In die lig van die verskriklike slagting wat tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) plaasgevind het,[8] is die aard, omvang en betekenis van die Anglo-Boereoorlog in Brittanje op die agtergrond geskuif, maar vir die Afrikanervolk was en is dit die omvangrykste stryd waarby die volk tot nog toe betrokke was, en het dit Afrikanerdenke vir 'n groot deel van die twintigste eeu gerig.

Daar kan geredeneer word dat die Boere in 'n sekere sin die oorlog verloor het toe hulle op 9 Oktober 1899 die ultimatum aan die Britse regering oorhandig het. Die twee klein Boererepublieke kon streng gesproke nie 'n oorlog teen die magtige Britse Ryk, die wêreld se enigste supermoondheid van destyds, wen nie. Indien die Boere enigsins 'n kans gestaan het om deur middel van militêre optrede 'n onderhandelde skikking af te dwing (soos in Februarie-Maart 1881 aan die einde van die Transvaalse Vryheidsoorlog gebeur het), moes hulle beter vir oorlog voorberei het, en in Oktober 1899 'n weldeurdagte strategie kragdadig geïmplementeer het; dit wil sê alvorens die Britte 'n groot aantal versterkings na Suid-Afrika kon stuur.[9]

---

5 B Farwell, **Queen Victoria's little wars** (London, 1973), pp. 364-71.

6 Wat betref die gebrekkige Britse voorbereidings vir die oorlog, kyk bv. A Wessels, **Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase** (D.Phil., UOVS, 1985), pp. 204-56.

7 Wat betref die wyse waarop die burgerlike bevolking en swart mense feitlik van meet af aan deur veral die Britte by die oorlog betrek is, kyk bv. SB Spies, **Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics, January 1900 - May 1902** (Kaapstad, 1977) en P Warwick, **Black people and the South African War, 1899-1902** (Cambridge, 1983).

8 Op 1 Julie 1916, tydens die eerste dag van die slag by die Somme, het die Britse Leër ongeveer 19 000 soldate gesneuwel verloor; dit wil sê sowat twee en 'n half keer soveel as wat hulle in die loop van die hele Anglo-Boereoorlog op die slagveld verloor het.

9 Wat betref die gebrek aan goeie strategiese beplanning aan Boerekant, kyk bv. A Wessels, "Die Boere se strategie aan die begin van die Anglo-Boereoorlog" in **Tydskrif vir Geesteswetenskappe** 39 (3 & 4), September & Desember 1999, pp. 227-42.

In die praktyk het die Boere egter (tydens die eerste fase van die oorlog) die Britse gebiede aangrensend aan die Boererepublieke halfhartig en slegs op beperkte skaal binnegeval. Die Britte is die geleentheid gebied om die strategiese inisiatief te behou, selfs nadat die eerste Britse offensief onder bevel van generaal sir Redvers Buller misluk het (die tweede fase van die stryd). Vervolgens het veldmaarskalk lord Roberts die derde fase van die stryd ingelui deur op 11 Februarie 1900 sy omvangryke indirekte strategie van stapel te stuur. Dít het tot die ontsetting van Kimberley (15 Februarie 1900), generaal PA Cronjé se oorgawe te Paardeberg (27 Februarie 1900) en die inname van Bloemfontein (13 Maart 1900) gelei, en uiteindelik tot die inname van Johannesburg (31 Mei 1900) en Pretoria (5 Junie 1900).[10]

Cronjé se oorgawe was van besondere militêre betekenis, want dit het die Boere sowel fisies as sielkundig ontwrig. Ná Paardeberg kon die Boere die oorlog streng gesproke nie meer wen nie - hulle kon dit bloot uitrek. Indien hulle toe (of na die val van Bloemfontein of Pretoria) vredesonderhandelinge aangeknoop en oorgegee het, of as die Britte die Boere daarna te velde verpletterend verslaan en gedwing het om oor te gee, sou Suid-Afrika veel verwoesting en die inwoners veel trauma gespaar gebly het. Die vraag kan met reg gevra word of die sogenaamde heroïese guerrilla-stryd werklik die moeite, verwoesting en trauma werd was. Dit is egter, militêr gesproke, merkwaardig dat die Boere ná Cronjé se oorgawe, en na die Britse inname van die republikeinse hoofstede en ander terugslae, soos die oorgawe van hoofkommandant Marthinus Prinsloo met meer as 4 000 burgers in die Brandwaterkom in die Oos-Vrystaat aan die einde van Julie 1900,[11] die stryd nog bykans twee jaar lank voortgesit het.

Die Britte het hul vanaf 31 Maart 1900 (toe generaal CR de Wet 'n Britse mag onder bevel van brigadier-generaal RG Broadwood verpletterend te Sannaspos verslaan het[12]), maar veral in die loop van die tweede helfte van 1900 en verder aan toenemend bevind in wat by nabetragting as 'n Viëtnam-situasie beskou kan word. Brittanje was destyds die wêreld se enigste supermoondheid en het oor 'n gedugte leër met ongelooflik baie ondervinding in koloniale oorlogvoering beskik. Nogtans was dié leër nie voorberei of toegerus vir 'n oorlog teen 'n vyand wat oor moderne wapens beskik het nie, mobiel was en by wyse van spreke van die veld kon leef; dit

---

10 Kyk bv. A Wessels, **The phases of the Anglo-Boer War 1899-1902** (Bloemfontein, 1998), pp. 22-35 en JH Breytenbach, **Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902**, deel 1-5 (Pretoria, 1978-1996), passim.

11 Wat betref Prinsloo se oorgawe, kyk bv. LS Amery (red.), **The Times history of the war in South Africa, 1899-1902**, deel 4 (London, 1906), pp. 297-343.

12 JE Rabie, **Generaal CR de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop** (Pretoria, 1980), pp. 5-30.

wil sê, nie afhanklik was van groot formele voorraaddepots en die logistieke infrastruktuur wat daarmee saamgaan nie.

Tydens die guerrilla-fase van die Anglo-Boereoorlog het die stryd geografies geëskaleer (met ander woorde dit het oor 'n groter geografiese gebied versprei[13]), iets wat die Britse Leërleiding uitermate gefrustreer het. Met verloop van tyd het hulle 'n omvangryke anti-guerrilla-strategie van stapel gestuur. Dit het onder meer behels die bou van ongeveer 8 000 blokhuise kruis en dwars oor die oorlogsgebied,[14] die implementering van dryfjagte en - ten einde die Boerekommando's van hul belangrikste bron van inligting, kos en skuiling te ontneem - die vernietiging van Boereplase, iets wat reeds in die herfs van 1900 begin het.

Aangesien die plase inderdaad deel van die republikeinse magte se logistieke en inligtingsnetwerk was, was baie Boereplase legitieme militêre teikens en was die Britte se optrede, militêr gesproke, geregverdig. Die Britse konsentrasiekamp-stelsel, wat uit die verskroeideaarde-beleid voortgevloei het, moet dus ook nie in isolasie beoordeel word nie. In die praktyk het dit gelei tot die vernietiging van ongeveer 30 000 plaasopstalle, plus buitegeboue en die huise van swart arbeiders, asook ongeveer 40 dorpe. In sommige gevalle is die huise van onskuldige persone, wat inderdaad nie hulp aan die kommando's verskaf het nie, ook vernietig. Afgesien van die geweldige materiële verliese wat deur die Boere gely is, was die belangrikste gevolg van die verskroeideaarde-beleid die feit dat derduisende wit en swart burgerlikes deur die Britse optrede dakloos gelaat is. Die Britte het gevolglik besluit om kampe op te rig waar die burgerlikes gehuisves kon word. Aanvanklik - en in baie gevalle tot aan die begin van 1902, met ander woorde tot nadat die Fawcett-kommissie toestande in die kampe kom ondersoek het[15] - het die toestande in die kampe gewissel van swak tot uiters haglik. Die kampadministrasie was oor die algemeen swak, mediese dienste gebrekkig, daar was 'n tekort aan goeie kos, en siekte - en dood - was die gevolg.[16] Dit het tot die sielkundige ontwrigting en traumatisering van baie wit en swart burgerlikes gelei. Veral vir 'n klein volk soos die Afrikaners het die dood van bykans 28 000 vrouens en kinders, plus ongeveer 6 000 burgers op kommando, geweldige nadelige demografiese implikasies vir die toekoms ingehou.

---

13 Kyk bv. die Boere-inval in Kaapland in Desember 1900.

14 Wat betref die Britse blokhuisstelsel tydens die oorlog, kyk bv. J Hattingh en A Wessels, **Britse fortifikasies in die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)** (Bloemfontein, 1999), p. 19 *et seq.*

15 Wat betref die Fawcett-kommissie se verslag, kyk bv. AWG Raath, **The British concentration camps of the Anglo-Boer War 1899-1902: reports on the camps** (Bloemfontein, 1999), pp. 118-72.

16 Kyk bv. AWG Raath en RM Louw, **Die konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902** (Bloemfontein, 1991) en AU Wohlberg, **The Merebank Concentration Camp in Durban, 1901-1902** (M.A., UOVS, 2000).

Hoewel die Britte die Boereplase en -burgerlikes tereg as legitieme militêre teikens beskou het, en die Afrikaners korrek geredeneer het dat die Britte teen die burgerlikes oorlog gevoer het, moet daar goed begryp word dat daar geen doelbewuste pogings van die kant van die Britte was om die Boereburgerlikes in die kampe uit te wis nie - soos wat tydens die Tweede Wêreldoorlog wel die geval was wat betref die Jode in Nazi-uitwissingskampe. Dit is wel waar dat veral toe die kampe die eerste keer opgerig is, en ook in die loop van 1901, die administrasie soms baie swak was en dat dit - en nalatigheid wat betref die voorsiening van byvoorbeeld voedsel en mediese dienste - tot die dood van baie vrouens en kinders aanleiding gegee het. Dit is dus te begrype dat reeds in die loop van die oorlog die kampe in die Afrikaner-volksmond as "moordkampe" en "helkampe" bekend gestaan het.

Hoewel *stryd* (konflik, oorlog) 'n *Leitmotiv* in die geskiedenis van die Afrikaner is, beteken dit nie noodwendig dat Afrikaners oorlog (militêre konflik) behoorlik begryp nie. Dit wil soms voorkom of daar Afrikaners is wat van mening is dat generaal sir Redvers Buller, daarna veldmaarskalk lord Roberts, en generaal lord Kitchener na Suid-Afrika gekom het (of moes kom) om die oorlog te verloor! Vanuit 'n militêre oogpunt moet duidelik begryp word dat dit die doel van oorlog is om die vyand te verslaan en aan jou wil te onderwerp.[17]

Deur die eeue heen was dit nog altyd onskuldige burgerlikes wat die meeste in oorloë gely het - en vandag steeds ly. In die Suid-Afrikaanse konteks staan die Anglo-Boereoorlog egter uit as dié konflik waarby burgerlikes tot nog toe meer as ooit tevore - of sedertdien - doelbewus die teiken van 'n militêre strategie geword het, en gevolglik het dié oorlog dan ook, meer as enige ander plaaslike konflik, 'n geweldig negatiewe effek op die burgerlike bevolking (wit en swart) gehad. Militêr gesproke het Roberts en Kitchener nie 'n ander keuse gehad as om 'n verskroeideaarde-beleid te implementeer en die burgerlikes na kampe weg te voer nie. Hierdie Britse bevelvoerders se opdrag was immers duidelik: onderwerp die Boererepublieke. Hulle sou dus uiteraard alle middele tot hul beskikking aanwend om die oorwinning te behaal. In die praktyk het hul optrede egter nie net 'n fisiese spoor van verwoesting gelaat nie, maar ook 'n nalatenskap van bitterheid en selfs haat - en duisende getraumatiseerde burgerlikes.

Ideaal gesproke moes die Britte die Boere te velde verslaan het. Die Boere se guerrilla-strategie het dit egter feitlik onmoontlik gemaak. Indien die Britte dan wel noodgedwonge Boereplase en dorpe vernietig het, moes hulle nie die burgerlikes in

17 Wat betref die strategiese doel van oorlog, kyk bv. Wessels, **Die Britse militêre strategie**, pp. 90-8.

oop treintrokke vervoer het nie, maar in passasierswaens; hulle nie in oorvol tente gehuisves het nie, maar in geboue met voldoende ventilasie en sanitêre geriewe, en moes hulle gesorg het dat daar voldoende kos en mediese fasiliteite beskikbaar was. In oorlogstyd funksioneer 'n vyandelike besettingsmag egter helaas nie so nie. Die Britte het vanselfsprekend in die eerste plek na hul eie soldate se voedsel- en mediese behoeftes omgesien - iets wat 'n geruime tyd ook veel te wense oorgelaat het.

Dit was egter nie slegs konsentrasiekampe wat verhoudinge in Suid-Afrika vertroebel en tot trauma gelei het nie. Gebeure tydens die oorlog soos dié te Derdepoort op 25 November 1899 (toe lede van die Bakathla-stam 'n blanke nedersetting aangeval, sewe mans en twee vrouens gedood en sewentien vrouens en kinders as gevangenes weggevoer het); die moord op Abraham Esau (die bruin man wat te Calvinia deur die invallende Boerekommando gemartel en op 5 Februarie 1901 vermoor is); die Boere-aanval te Leliefontein op 27 Januarie 1902 toe ongeveer 30 bruin mense deur Manie Maritz en sy kommando doodgeskiet of doodgeslaan is (sommige nadat hulle reeds oorgegee het); en die Zulu-aanval op die kommando van Jan Potgieter te Holkrans op 6 Mei 1902 (toe die Boere letterlik aan die slaap gevang en 52 in die daaropvolgende geveg gesneuwel het)[18] het – tesame met die Britte se verskroeideaarde-beleid (wat, soos reeds aangedui, ongeveer 30 000 Boereplase en 40 dorpe in puin gelaat het en derduisende wit en swart burgerlikes in konsentrasiekampe laat beland het waar byna 28 000 blanke en ten minste 20 000 swart burgerlikes gesterf het) - 'n nalatenskap van agterdog, bitterheid en selfs haat gelaat wat tot lank na afloop van die stryd verhoudinge in Suid-Afrika beïnvloed het.

* * *

Teen die einde van 1901 het die Britte se teen-guerrilla-strategie begin vrugte afwerp, maar veral in die Wes-Transvaal en in die Noord- en Noordoos-Vrystaat het die Boerekommando's (respektiewelik onder bevel van generaal Koos de la Rey en generaal Christiaan de Wet) hul guerrillastryd onverbiddelik en met relatiewe sukses voortgesit. In hierdie verband word byvoorbeeld gedink aan De Wet se oorwinning te Groenkop (25 Desember 1901), en De la Rey se oorwinnings te Yzerspruit (25 Februarie 1902) en Tweebosch/De Klipdrift (7 Maart 1902).[19]

---

18 A Wessels, **Die militêre rol van swart mense, bruin mense en Indiërs tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)** (Bloemfontein, 1998), pp. 27-30; B Nasson, **Abraham Esau's war: a black South African war in the Cape Colony 1899-1902** (Cambridge, 1991), passim; HJ Botha, "Die moord op Derdepoort, 25 November 1899: nie-blankes in oorlogsdiens" in **Militaria** 1(2), 1969, pp. 3-98.

19 Rabie, pp. 31-59; Amery, deel 5 (Londen, 1907), pp. 431-44, 497-508; MH Grant, **History of the war in South Africa 1899-1902**, deel 4 (Londen, 1910), pp. 410-21; JF Naudé, **Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bôkant" De Wet** (Rotterdam, 1903), pp. 323-36.

Geen wonder dus dat die Britse teenoptrede in die Wes-Transvaal en Noord- en Noordoos-Vrystaat veel omvangryker (en meer hardvogtig) as in ander dele van die oorlogsone was nie. In Noord- en Noordoos-Vrystaat het Kitchener byvoorbeeld vanaf Februarie tot Mei 1902 vyf sogenaamde "new model drives" van stapel gestuur in 'n poging om De Wet se kommando's hok te slaan.[20] Die burgerlikes in hierdie gebiede het in sekere opsigte méér gely en hulle is méér getraumatiseer as dié in ander dele van die oorlogsgebied. (Later meer oor die gevolge van hierdie toedrag van sake.)

Teen Mei 1902 was die Boere se situasie hopeloos. Na afloop van die samesprekings tussen die Boereafgevaardigdes te Vereeniging is die Britse voorwaardes vir oorgawe op 31 Mei 1902 met 54 stemme teenoor ses aanvaar. As redes waarom hulle besluit het om oor te gee, is onder meer verwys na die afname in die getal Boerekrygers te velde; hul gebrek aan perde, wapens en ammunisie; die oorweldigende Britse gevegsmag en hulpbronne; die feit dat Europese moondhede nie bereid was om in die Boere se belang in te gryp nie; die toenemende getal swart en bruin mense wat aan Britse kant diens gedoen het - en die lot van die Boerevrouens en -kinders in die konsentrasiekampe.[21] Wat die afgevaardigdes te Vereeniging nie besef het nie, is dat danksy die kamphervormings wat veral na aanleiding van die Fawcett-kommissie se besoeke ingestel is, toestande in die kampe teen Mei 1902 aansienlik verbeter en die sterftesyfer afgeneem het.

Die feit dat die oorlog geëindig het met die verlies van hul republikeinse onafhanklikheid, het die meeste bittereinders en hul gesinne verslae gelaat. Met verloop van tyd het die grootste gros Afrikaners egter die afloop van die vredes-onderhandelinge aanvaar - daar was immers die dwingende materiële behoeftes waaraan dringend aandag geskenk moes word. Van die bittereinders se ongelukkigheid met die voorwaardes van oorgawe het egter daartoe gelei dat hulle sommige van die onderhandelaars daarvan verdink het dat hulle die Boere by Vereeniging en Pretoria aan die vyand uitverkoop het.[22]

Net soos baie Duiters na afloop van die Eerste Wêreldoorlog vas (hoewel verkeerdelik) geglo het (en veral deur Nazi-progapanda verder oortuig of in hul geloof gesterk is) dat hulle nie werklik militêr tydens die oorlog verslaan is nie en

---

20 Kyk bv. Hattingh en Wessels, pp. 115-19.

21 JD Kestell en DE van Velde, **De vredesonderhandelingen tusschen de regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche republieken en de vertegenwoordigers der Britsche regeering, welke uitliepen op den vrede, op 31 Mei 1902 te Vereeniging gesloten** (Amsterdam, 1909), pp. 209-11.

22 Kyk bv. A Wessels (red.), "Die oorlogsherinneringe van kommandant Jacob Petrus Neser" in **Christiaan de Wet-annale** 7, pp. 103-5, 109-12.

dus die stryd kon voortgesit het, maar deur die Weimar-politici in die rug gesteek is deurdat dié politici vir vrede onderhandel en oorgegee het,[23] het sommige Afrikaners na afloop van die Anglo-Boereoorlog (verkeerdelik) bly glo dat hulle die guerrilla-stryd teen die Britte met goeie gevolg kon voortgesit het, maar deur mense soos Jannie Smuts verraai is.

Daar is egter geen bewyse dat vooraanstaande Boereleiers soos Louis Botha en Jannie Smuts die Boere uitverkoop het nie; trouens, in meer as een opsig het hul weldeurdagte en diplomatiese optrede tydens die vredesamesprekings te Vereeniging en Pretoria die Afrikanervolk van ondergang gered. Hulle het ook, saam met die ander Boereleiers, besonder voordelige voorwaardes vir oorgawe onderhandel, byvoorbeeld dat diegene wat Britse onderdaanskap aanvaar het, hul persoonlike vryheid en eiendom kon behou; dat Nederlands steeds in Transvaalse en Oranjerivier-Kolonie skole as voertaal gebruik kon word (en indien nodig ook in howe); dat militêre administrasie deur burgerlike administrasie vervang sou word; dat verteenwoordigende bestuur (gevolg deur verantwoordelike bestuur) so gou as moontlik ingestel sou word; dat stemreg vir swart mense eers bespreek sou word nadat verantwoordelike bestuur ingestel is (wat in effek beteken het dat swart mense nie stemreg sou kry nie); en dat die Britse regering £3 000 000 sou bewillig vir die heropbou van die twee voormalige Boererepublieke.[24]

Binne enkele jare sou vooraanstaande Boereleiers ook 'n leidende rol speel in die vereniging van Suid-Afrika, en wel onder 'n blanke regering onder leiding van Botha. Polities het die Afrikaner merkwaardig vinnig herstel. Dit is insiggewend dat vooraanstaande Boeregeneraals vanaf 1910 tot 1948 die eerste ministers van die Unie van Suid-Afrika was:[25] Louis Botha (Suid-Afrikaanse Party, 1910-1919), Jannie Smuts (Suid-Afrikaanse Party, 1919-1924), JBM Hertzog (Nasionale Party, 1924-1934; Verenigde Party, 1934-1939) en weer eens Jannie Smuts (Verenigde Party, 1939-1948). Die "era van die (Anglo-Boereoorlog-) generaals" is beëindig toe dr. DF Malan se Herenigde Nasionale Party of Volksparty met apartheid as slagspreuk en beleid in 1948 aan bewind gekom het.[26] Later meer daaroor.

Ironies genoeg het Kitchener (die militaris) tydens die vredesamesprekings te Pretoria 'n meer genaakbare en tegemoetkomende houding teenoor die Boere ingeneem as lord Milner (die politikus). Milner wou graag hê dat die boere onvoorwaardelik moes oorgee, maar Kitchener was meer diplomaties en toegeeflik en het geredeneer dat na afloop van die vyandelikhede Boer en Brit op

23 Kyk die Dolchstoss im Rücken-leuen wat deur Adolf Hitler en sy Nazi-volgelinge verkondig is.
24 Kestell en Van Velden, pp. 134-36.
25 Kyk bv. DW Krüger, **The age of the generals: a short political history of the Union of South Africa, 1910-1948** (s.l., 1958).
26 Kyk bv. PW Coetzer (red.), **Die Nasionale Party**, deel 5 (Bloemfontein, 1994), pp. 596-709.

vriendskaplike voet in Suid-Afrika moes saamlewe, en het gevolglik relatief gesproke gunstige voorwaardes vir oorgawe beklink.

## 3. DIE AFLOOP VAN DIE STRYD: DIE OORLOGSTRAUMA WORD GEÏNTERNALISEER

In die lig van die verlies van hul republikeinse onafhanklikheid, die dood van hul geliefdes en die daarmee gepaardgaande trauma, het baie Afrikaners uiteraard nie gedink dat die Britte enigsins toegeeflik was nie. 'n Minderheid republikeinse burgers en Kaapse rebelle het nie hul weg oopgesien om onder die Britse vlag te bly nie en het na die buiteland uitgewyk. Sommige krygsgevangenes het ook verkies om nie die eed van getrouheid aan die Britse Kroon af te lê nie en het gevolglik nie na afloop van die oorlog na Suid-Afrika teruggekeer nie.

Vir die meeste Afrikaners ten noorde van die Gariep- (Oranje-) rivier sou slegs die herstel van die Boererepublieke se onafhanklikheid (en heelwat later, die daarstel van 'n Republiek van Suid-Afrika) die onreg van die "vrede" van Vereeniging[27] ongedaan maak. Die Afrikaners wat die meeste tydens die oorlog gely het, was uiteraard in die eerste plek diegene wat in die Transvaal en Vrystaat gebly het, en dan veral die plaasbewoners en inwoners van kleiner dorpe wie se huise gedeeltelik of totaal deur die Britse magte vernietig is.

Die Anglo-Boereoorlog het egter feitlik al die rassegroepe in wat vandag Suid-Afrika is, onvergenoegd gelaat. Terwyl die Afrikanerdom verdeeld gelaat is (bittereinders versus hendsoppers en, veral, joiners) en veral die bittereinders verbitter en verneder was, was bruin en veral swart mense gefrustreerd omdat die afloop van die oorlog nie aan hulle die verwagte politieke en ander voorregte gebring het nie.

Hoewel die Britte tydens die oorlog die indruk geskep het dat hulle gelyke politieke en sosiale regte aan swart mense sou gee in ruil vir hul steun teen die Boere, was sommige van hulle nie werklik van plan om dit te doen nie,[28] terwyl ander bereid was om in belang van versoening met die Afrikaners, stemreg vir swart mense op te offer. Toe die Britte in beheer van die Vrystaat en Transvaal was, het hulle die swart inwoners net so sleg (of selfs slegter) as die Boere behandel. In die Transvaal was die Rand Lords immers daarop uit om soveel geld

27 Streng gesproke was daar nie 'n vrede van Vereeniging nie, want die voorwaardes vir oorgawe is die aand van 31 Mei 1902 in Pretoria onderteken.

28 Kyk bv. AP Walshe, "The origins of African political consciousness in South Africa" in **The Journal of Modern African Studies** 7(4), Desember 1969, p. 599.

as moontlik te maak en gevolglik het hulle die swart arbeiders so min as moontlik betaal.

Swart mense was dus met reg toe nog meer wantrouig teenoor blankes as ooit tevore en sou weldra hul politieke heil soek in veral 'n organisasie soos die South African Native National Congress (SANNC) wat op 8 Januarie 1912 tot stand gebring is (met Sol T Plaatje, wat tydens die beleg van Mafikeng saam met die Britte beleër is, as een van die stigterslede) en vanaf 1923 as die African National Congress (ANC) bekend gestaan het.[29] Met verloop van tyd sou die swart versetbeweging (hoofsaaklik gemik teen blanke oorheersing) met die konserwatiewe blanke versetbeweging (aanvanklik hoofsaaklik gemik teen Britse oorheersing) in botsing kom en sou 'n belangrike *Leitmotiv* in die geskiedenis van twintigste-eeuse politieke ontwikkeling in Suid-Afrika na vore tree, naamlik swart verwagtinge versus blanke vrese.

Teen die einde van die Anglo-Boereoorlog was alle inwoners in wat vandag Suid-Afrika is, onder (vreemde) Britse beheer en sou al die inheemse inwoners hulself as slagoffers van Britse imperialisme kon beskou. Alle inwoners het dus nou 'n gemeenskaplike koloniale hede en verlede gehad; iets wat hulle kon saambind. In die praktyk was die inwoners van die land egter meer verdeeld as ooit tevore - byvoorbeeld in 'n groot mate langs rasselyne, maar ook die Afrikaners onderling. Verskillende rasse- en politieke groeperinge was almal daarop uit om die politieke oppergesag te bekom. Ook Afrikanerleiers het hulle daarop ingestel om Afrikanermag te konsolideer en wou dus graag die breuk in Afrikanergeledere (tussen bittereinders en hendsoppers/joiners) heel. Nie almal was bereid om met Engelssprekendes saam te werk nie en van samewerking met ander rassegroepe was daar geen sprake nie. Daar was wel pogings om die Afrikaner materieel weer op te hef,[30] maar andersins was daar nie gekoördineerde pogings om deur die trauma te werk nie.

Vanaf kort na afloop van die Anglo-Boereoorlog het die stryd in die Afrikaanse letterkunde neerslag gevind: van talle romans tot Totius se aangrypende gedigte wat oor die konsentrasiekampe handel.[31] Daar kan met reg beweer word dat hierdie literêre werke bewustelik of onbewustelik pogings was om die trauma van

29 Kyk bv. A Odendaal, **Vukani Bantu! The beginnings of black protest politics in South Africa to 1912** (Kaapstad, 1984), pp. 270-7.

30 Kyk bv. APJ van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie 1902-1907" in **Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis** 30(2), 1967, pp. 134-340.

31 Kyk bv. CN van der Merwe en M Rice (samestellers), **A century of Anglo-Boer War stories** (Johannesburg, 1999), E Jansen and W Jonckheere (samestellers), **Boer en Brit: Afrikaanse en Nederlandse tekste uit en om die Anglo-Boereoorlog** (Pretoria, 1999) en Totius, **By die monument** (Potchefstroom, [1908]).

die stryd te verwerk. Interessant genoeg is dit 'n proses wat honderd jaar later voortgaan en net voor en tydens die honderdjarige herdenking van die stryd tot hernieude literêre belangstelling in die konflik en tot die skryf van 'n groot aantal nuwe romans en kortverhale gelei het. In sommige gevalle word die Anglo-Boereoorlog as agtergrondtema en invalshoek gebruik om ook die trauma van die apartheidsjare aan te spreek.[32]

Reeds tydens die Anglo-Boereoorlog het Emily Hobhouse die wêreld se eerste (informele) "waarheids- en versoeningskommissie" van stapel gestuur toe sy die boek **The brunt of the war and where it fell** (gepubliseer in die tweede helfte van 1902) saamgestel het, bestaande uit briewe (of uittreksels uit briewe) waarin Boerevrouens van hul ervarings tydens die oorlog vertel, plus enkele vertellinge (oorlogsketse, byvoorbeeld deur Mijnie Hertzog), aangevul deur korrespondensie tussen Hobhouse en lord Milner en ander Britse politici, uittreksels uit sommige van Roberts en Kitchener se oorlogsproklamasies, koerantberigte en briewe wat in koerante verskyn het, asook Hobhouse se eie ervarings na aanleiding van haar eerste besoek aan Suid-Afrika (Desember 1900 - Mei 1901).[33] Hobhouse het gepoog om aan getraumatiseerde kamp- en ander oorlogslagoffers die geleentheid te bied om hul verhale van verlies, lyding en ellende te vertel en sodoende die las van die nabye verlede af te lê.

Aangesien Hobhouse se werk in 'n groot mate 'n eenpersoonsaksie was, kon sy slegs 'n baie beperkte aantal persone bereik en was die terapeutiese waarde van haar werk, in die geheel gesien, dus ook beperk. Daar was ook nooit formele versoeningspogings nie. Die meeste van die oorlogstrauma is gevolglik na 'n volgende geslag oorgeplant. Die Afrikaners wat in die konsentrasiekampe gely het, het die negatiewe ervarings wat hulle daar opgedoen het in hul geheuebank gestoor. Die trauma is geïnternaliseer en vir baie jare het sommige Afrikaners met 'n wrok, verbittering, frustrasies en vrees rondgeloop. Later, soms eers baie later, selfs eers by 'n volgende geslag, het die traumatiese ervarings weer na vore gekom en het dit soms in een of ander politieke opvatting gemanifesteer. Die Afrikaner het met verloop van tyd 'n verskriklike vrees vir vreemde (nie-Afrikaner-) oorheersing ontwikkel.

---

32 Kyk bv. Christoffel Coetzee se **Op soek na generaal Mannetjies Mentz** (Kaapstad, 1998) en Karel Schoeman se **Verliesfontein** (Kaapstad, 1998).

33 Kyk ook die Afrikaanse vertaling (deur NJ van der Merwe, die groot republikeinse kampvegter) wat in 1923 gepubliseer is, naamlik **Die smarte van die oorlog en wie dit gely het** (Kaapstad, 1923). Wat Hobhouse se korrespondensie betref, kyk ook R van Reenen (red.), **Emily Hobhouse: Boer War letters** (Kaapstad, 1984).

## 4. VAN REBELLIE NA REPUBLIEKWORDING

Daar is reeds vroeër verwys na die feit dat tydens die guerrilla-fase van die Anglo-Boereoorlog dit veral die Wes-Transvaal en Noord- en Noordoos-Vrystaat was wat swaar onder die Britte se teen-guerrilla-strategie gely het; en ook dat baie Afrikaners nie sou rus alvorens hul republikeinse onafhanklikheid in ere herstel is nie. Wat betref die oorlewendes in die Wes-Transvaal en Noord- en Noordoos-Vrystaat sou geredeneer kon word dat hul frustrasies en bitterheid - maar ook hul strewe na die verkryging van republikeinse onafhanklikheid na afloop van die stryd - in 'n sekere sin groter was as in sommige ander gebiede. Dit is dus geen wonder nie dat toe die rebellie in 1914 uitbreek, 'n groot persentasie van die rebelle uit die Wes-Transvaal en Noord- en Noordoos-Vrystaat afkomstig was. Tot en met sy dood onder omstrede omstandighede, het generaal Koos de la Rey die rebellie in Wes-Transvaal georganiseer; daarna het generaal Christiaan de Wet vanuit die Vrystaat 'n leidende rol gespeel, maar hy is gou gevang. Daar was geen spontane Afrikaner-opstand nie en volgens amptelike bronne het slegs 7 123 Vrystaters, 2 998 Transvalers en 1 251 Kapenaars die wapen opgeneem - 'n totaal van 11 472. Die Unie-regering het ongeveer 32 000 soldate gebruik om die rebellie te onderdruk. Ongevalle was relatief gesproke gering: 132 Unie-troepe en 190 rebelle. Slegs 281 rebelle is voor die hof gedaag en diegene wat skuldig bevind is, is lig gestraf. Danksy die Botha-regering se versoenende houding was al die rebelle teen die einde van 1916 weer op vrye voet. Die dood van generaal Christiaan Beyers, die feit dat Jopie Fourie op 20 Desember 1914 tereggestel is en die vernedering van neerlaag, het baie republikeinsgesinde Afrikaners egter verbitterd en in sommige gevalle getraumatiseerd gelaat. Afrikanernasionalisme is gestimuleer en reeds in die 1915-verkiesing het die Nasionale Party (NP) groot vooruitgang getoon.[34]

Weer eens was dit Afrikaners in Wes-Transvaal en Noord- en Noordoos-Vrystaat wat relatief gesproke die meeste gely het en ook verneder is, soveel te meer omdat diegene wat hulle verslaan het, mede-Afrikaners en ondersteuners van Botha en Smuts was, leiers wie se bona fides sedert die vredesonderhandelinge aan die einde van die Anglo-Boereoorlog deur sekere Afrikaners in twyfel getrek is.

In die lig van die gebeure in dié streke tydens die Anglo-Boereoorlog en die rebellie, is dit nie verbasend nie dat streke soos Wes-Transvaal en Noord- en

34 Wat betref die rebellie van 1914-1915, kyk bv. GD Scholtz, **Die rebellie 1914-15** (Johannesburg, 1942), passim; Unie van Zuid-Afrika, **Report on the outbreak of the rebellion and the policy of the government with regard to its suppression** (UG10-'15, Pretoria, 1915), passim; Unie van Zuid-Afrika, **Report of the select committee on the rebellion** (SC1-'15, Kaapstad, 1915), passim en A Wessels, "The Empire goes to war: South Africa and the First World War, 1914-18" in P Boyden, AJ Guy en M Harding (reds.), **"Ashes and blood": the British Army in South Africa 1795-1914** (Londen, 1999), pp. 118-20.

Noordoos-Vrystaat met verloop van tyd die tuiste van baie sogenaamde ultrakonserwatiewe "regse" Afrikaners geword het waar baie van die Herstigte Nasionale Party (HNP) en later Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) en Konserwatiewe Party (KP) se plattelandse steun gesetel was, en steeds is.

Die rebellie van 1914-1915 het ou wonde oopgekrap en sekere dele van die Afrikanervolk nog verder getraumatiseer. Vir baie Afrikaners was Uniewording in 1910 nie 'n besondere hoogtepunt nie, maar bloot 'n middel op die weg na uiteindelike republikeinse onafhanklikheid. In 1919 is 'n Vryheidsdeputasie na die vredesamesprekings te Versailles gestuur om vir die republikeinse onafhanklikheid van die twee voormalige Boererepublieke te vra, maar hulle moes onverrigter sake huis toe keer.[35]

Intussen het 'n groeiende deel van die Afrikanervolk verstedelik en talle het aan die groot Randse staking van 1922 (en die gepaardgaande geweld) deelgeneem.[36] Generaal JBM Hertzog se NP het in 1923 'n samewerkingsooreenkoms ("pakt") met die Arbeidersparty gesluit en die 1924 "algemene" (hoewel feitlik uitsluitlik blanke) verkiesing gewen.[37]

Interessant genoeg het Emily Hobhouse juis in Mei 1924 die afronding voltooi van 'n tweede boek wat aan die burgerlike slagoffers van die Anglo-Boereoorlog die geleentheid gebied het om "gehoor" te word. In **War without glamour or women's war experiences, written by themselves 1899-1902** (wat eers in 1927, dus kort na haar dood gepubliseer is) het Hobhouse ongeveer 30 verhale/verklarings wat tydens of net na die oorlog deur Boerevrouens geskryf is, opgeneem (in baie gevalle deur Hobhouse self vertaal). Sy was van mening dat terwyl daar sedert die oorlog wel van die stemme van die generaals en politici kennis geneem is, die stem van die verontregtes nog nie behoorlik gehoor is nie. Hierdie boek illustreer op treffende wyse die verskriklike effek wat oorlog op burgerlikes het.

Polities was die Afrikaner in hierdie jare steeds erg verdeeld en die groot ekonomiese depressie van 1929 tot 1933 (en verder) het in die algemeen die Afrikaner se lot vererger. Omstreeks hierdie tyd het die Afrikaners se vrees vir swart oorheersing in 'n groot mate die plek ingeneem van hul vrees vir Britse (imperiale) oorheersing. Dit was immers in die stede waar arm blanke werkers met swart werkers gewedywer het om werksgeleenthede. Verskeie organisasies is tot

35 GD Scholtz, **Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner**, deel 6 (Pretoria, 1979), pp. 326-36.
36 Kyk bv. AG Oberholster, **Die mynwerkerstaking, Witwatersrand, 1922** (Pretoria, 1982).
37 Scholtz, deel 6, pp. 519-31.

stand gebring om na die verarmde Afrikaners om te sien, byvoorbeeld die Reddingsdaadbond, terwyl die Republikeinse Bond die republikeinse ideaal moes bevorder. In 1938 het die Voortrekkereeufees die Afrikanervolk ongelooflik aangegryp en Afrikanernasionalisme gestimuleer.[38]

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het weliswaar weer Suid-Afrika se verhoudinge met Brittanje op die spits gedryf - en tot 'n breuk in die Verenigde Party (VP) gelei, wat vir generaal Smuts vir 'n tweede keer eerste minister van die Unie laat word het[39] - maar die politiek van die veertigerjare van die twintigste eeu het toenemend in die teken van die sogenaamde "rassevraagstuk" gestaan, met die "swart gevaar" 'n nuttige wapen en slagspreuk in die hande van "regse" Afrikaners.

In Mei 1948 het die "regse", "gesuiwerde" Herenigde Nasionale Party of Volksparty van dr. DF Malan, in samewerking met NC Havenga se Afrikanerparty, Smuts se VP by die stembus verslaan en 'n nuwe era in die geskiedenis van Suid-Afrika ingelui. Terwyl in die res van die wêreld (na aanleiding van die Tweede Wêreldoorlog, en veral Nazi-rassisme) die klem al hoe meer op die gelykberegtiging van alle rasse geval het, het die NP met verloop van tyd 'n beleid geïmplementeer wat juis die klem op rasseverskille en skeiding geplaas het. Deur middel van die beleid van apartheid is gepoog om 'n utopie vir die Afrikaner te skep - in die praktyk ten koste van "nie-blankes"[40] en, ironies genoeg, op die lang termyn ook nie in die belang van Afrikaners nie.

Vir sommige Afrikaners was die NP se oorwinning in 1948 nie slegs 'n triomf oor die VP nie, maar in besonder oor Smuts, wat in sommige kringe as 'n verraaier beskou is; dus ook 'n oorwinning oor Britse imperialisme. Volgens konserwatiewe Afrikaners is die grondslag nou gelê om die vernedering van die "vrede" van Vereeniging en die konsentrasiekampe ongedaan te maak, soos ook die vernedering van die rebellie van 1914-1915. Die toekoms van 'n Afrikaner-oorheersde blanke staat moes verseker word en 'n republiek moes so gou as moontlik tot stand gebring word.

Tydens die 1948-verkiesing was die NP se belangrikste slagspreuk na alle waarskynlikheid dié van "apartheid", wat kwansuis die blanke (lees Afrikaner) se toekoms in Suid-Afrika sou verseker. Vanaf 1948 tot 1954, onder leiding van Malan, en daarna van adv. JG Strydom (1954-1958) en dr. HF Verwoerd (1958-

---

38 Kyk bv. PW Coetzer en JH le Roux (reds.), **Die Nasionale Party**, deel 4 (Bloemfontein, 1986), p. 87 et seq.

39 **Ibid.**, pp. 230-72.

40 Wanneer die term "nie-blanke(s)" soms noodsaaklikerwys gebruik word, word geen negatiewe konnotasie geïmpliseer nie.

1966) het die NP-regering talle apartheidswette deurgevoer en maatreëls getref om die Suid-Afrikaanse samelewing te omvorm (te transformeer) tot 'n land waar rassisme geïnstitusionaliseer is. Wette soos die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike (nr. 55 van 1949), Bevolkingsregistrasiewet (nr. 39 van 1950), Groepsgebiedewet (nr. 41 van 1950) en die Bantoe-Onderwyswet (nr. 47 van 1953)[41] het met verloop van tyd miljoene mense se lewens geraak en tot groot ontwrigting, die vertraging in gemeenskappe se groei, en tot trauma - en bitterheid, selfs haat, en met verloop van tyd verset, ook gewapende verset - aanleiding gegee.[42]

In die jare vanaf Uniewording (1910) tot en met Republiekwording (1961) was die Anglo-Boereoorlog, in besonder die lyding wat met die konsentrasiekampe gepaard gegaan het, nog 'n belangrike deel van baie Afrikaners se historiese (en politieke) verwysingsraamwerk. Aangesien die meeste konsentrasiekampinwoners nooit hul trauma behoorlik verwerk het nie, is dié trauma na hul kinders (en dié se kinders) oorgedra. In baie Afrikaners se agterkop was daar die idee dat dit wat die Afrikaner tydens die Anglo-Boereoorlog moes deurmaak, nooit weer met "ons" (die Afrikaner) moes gebeur nie. Etlike dekades lank is die Britte in die algemeen, en dus ook plaaslike Engelssprekendes, deur talle Afrikaners as "die vyand" beskou. Hulle is verantwoordelik gehou vir die dood van familielede in die konsentrasiekampe. Aangesien 'n beduidende persentasie van die Afrikanervolk in kampe gesterf het, was daar min Afrikanerfamilies wat nie een of ander lid (of meer) in die kampe aan die dood afgestaan het nie.

Intussen het die sogenaamde "swart gevaar" egter in 'n groot mate die "Britse/imperiale gevaar" verdring. Afrikaners wou verseker dat hulle nooit weer, soos tydens die Anglo-Boereoorlog, verdruk en verneder sou word nie - dit moes nooit weer met "ons" (die Afrikaners) gebeur nie. Die oordrewe klem op die beskerming van eie (volks-) belange het beteken dat die sprong na die voorkoming van universele onderdrukking en lyding nooit gemaak is nie. Die Afrikaner het nie uit sy/haar eie geskiedenis geleer nie en hulle wat vroeër verneder en onderdruk is (dit wil sê die Afrikaner, deur die Britse imperialis) het veral ná 1948 die nuwe onderdrukker (van swart en bruin mense) onder die vaandel van apartheid (lees blanke veiligheid en oppergesag/baasskap) geword. En só het die getraumatiseerdes uit die tydperk van die Anglo-Boereoorlog (en hul nageslag) dan die nuwe traumatiseerders geword - tot nadeel van onderlinge verhoudinge in Suid-Afrika, tot nadeel van die "nie-blanke" inwoners van die land, maar uiteindelik ook tot nadeel van die Afrikanervolk.

---

41 TRH Davenport en C Saunders, **South Africa: a modern history** (5de uitgawe) (Basingstoke, 2000), pp. 377-98.

42 Kyk bv. T Karis en GM Carter (reds.), **From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa 1882-1964**, deel 2-3 (Stanford, 1973-1977).

Intussen is daar gaandeweg nader beweeg om die republikeinse ideaal te verwesenlik. Vanaf 1957 was die Unievlag die enigste landsvlag (en sou die Britse Union Jack nie meer daarnaas gehys word nie) en "Die Stem van Suid-Afrika" die enigste volkslied (wat voortaan alleen en nie naas "God save the Queen" gespeel sou word nie). In Oktober 1960 is 'n referendum oor die kwessie van republiekwording gehou en het die blanke kieserskorps met 'n klein meerderheid ten gunste van 'n republiek gestem. Intussen is vriendelike waarskuwings ten opsigte van die toekoms van die blankedom in Suider-Afrika (soos uitgespreek deur die Britse eerste minister, Harold Macmillan, in sy "wind van verandering"-toespraak in Kaapstad op 3 Februarie 1960) gerieflikheidshalwe geïgnoreer, en die respons op gevaartekens (soos die Sharpeville- en verwante onluste van 1960) was om die African National Congress (ANC) en Pan-Africanist Congress (PAC) te verbied - en dus te dwing om ondergronds en/of oorsee met hul bedrywighede voort te gaan.

Die uitroep van die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1961, presies 59 jaar ná die vernedering van Vereeniging aan die einde van die Anglo-Boereoorlog, was vir baie Afrikaners die verwesenliking van 'n lang gekoesterde ideaal: die herrysenis van die voormalige Boererepublieke, en wel in 'n meer omvattende formaat. Ironies genoeg het die vervulling van die republikeinse ideaal egter ook beteken dat baie Afrikaners hul voortaan al minder aan hul geskiedenis sou steur. Danksy apartheid het baie Afrikaners al meer welvarend en dus ook meer materialisties geword.

## 5. TRAUMA NA AFLOOP VAN REPUBLIEKWORDING

Republiekwording mag vir baie Afrikaanssprekendes 'n hoogtepunt (en selfs politieke eindpunt) gewees het, maar vir die meeste "nie-blankes" het die stryd teen onderdrukking nou eers in alle erns begin.

Die traumatisering van die grootste deel van die Suid-Afrikaanse samelewing het voortgeduur, en daarmee saam die groter wordende vervreemding tussen rasse. Suid-Afrika se verhoudinge met die buitewêreld het ook geleidelik vertroebel, iets wat gelei het tot toenemende sportisolasie, 'n verpligte VN-wapenboikot in November 1977 en ekonomiese druk. Dìt het weer tot die ontstaan van 'n beleg- en laertrekmentaliteit by 'n groot deel van die Afrikanervolk aanleiding gegee.

Net soos Afrikaners op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog verskillend op die druk van buite reageer het (byvoorbeeld diegene wat van meet af aan die wapen wou opneem teenoor diegene wat bereid was om heelwat toegewings te maak) en tydens die oorlog daar diegene was wat by of die eerste geleentheid of

met verloop van tyd die wapen vrywillig neergelê het (hendsoppers) en in sommige gevalle weldra by die Britte aangesluit het (joiners), terwyl ander weer tot die einde bly veg het (bittereinders), het Afrikaners ook in die loop van die sestigerjare van die twintigste eeu en verder verskillend op die druk van buite (en van binne, deur die swart meerderheid) gereageer. Toe die BJ Vorster-regering sekere ("verligte") toegewings gemaak het in 'n poging om aan apartheid 'n vriendeliker aanskyn te gee, het die "verkrampte" of regse faksie van die NP afgesplits om die Herstigte Nasionale Party (HNP) te stig (1969),[43] soos die Konserwatiewe Party (KP) in 1982 gestig is in reaksie op die PW Botha-regering se instelling van die Driekamer-parlement.

Intussen was Suid-Afrika reeds vanaf Augustus 1966 betrokke in 'n gewapende stryd teen diegene wat vir die onafhanklikheid van Namibië geveg het, iets wat tot die instel van verpligte militêre diensplig vir alle blankes - en die traumatisering van duisende mense - en ook tot groot verwoesting en ontwrigting in die noorde van Namibië, maar veral in dele van Angola, gelei het. Aan die tuisfront het Soweto in 1976 by wyse van spreke ontplof en het die geweld wat in dié swart woongebied en elders plaasgevind het Suid-Afrika se posisie internasionaal meer as ooit tevore benadeel. Dit, tesame met die dood van Steve Biko in 1977 en die verbod op nog meer organisasies, het die apartheidstaat nog verder geïsoleer.

Die tagtigerjare van die twintigste eeu is onder meer gekenmerk deur swart-op-swart-geweld en die toename in optrede deur die ANC se militêre vleuel, uMkhonto we Sizwe (MK) - alles bydraende faktore tot die traumatisering van die Suid-Afrikaanse samelewing. Net toe dit wou lyk of Suid-Afrika besig was om in anargie te verval, het die jaar 1990 verskeie dramatiese politieke veranderinge meegebring, byvoorbeeld die ontbanning van talle organisasies, die vrylating van politieke gevangenes en die begin van onderhandelinge wat daartoe sou lei dat die land se eerste waarlik demokratiese verkiesing in 1994 gehou is, met die daarmee gepaardgaande politieke omwenteling. Dit het ook gelei tot die instel van 'n formele Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) wat, net soos Emily Hobhouse se informele gesprekke met Boerevrouens bykans 'n eeu tevore, aan die gemarginaliseerde slagoffers van konflik die geleentheid gebied het om stem aan hul lyding te gee, om gehóór te word, ten einde hul trauma te probeer verwerk en weer heel te word. Ongelukkig was nie almal bereid om voor die WVK te verskyn of om die volle waarheid te vertel nie[44] - met die gevaar dat die trauma sal voortduur, en dat dit (weer eens) verder oorgedra sal word.

---

43 Kyk bv. JA du Pisani, **John Vorster en die verlig/verkrampstryd: 'n studie van die politieke verdeeldheid in Afrikanergeledere, 1966-1970** (Bloemfontein, 1990).

44 Wat betref die WVK, kyk bv. A Jeffery, **The truth about the Truth Commission** (Johannesburg, 1999) en A Krog, **Country of my skull** (Johannesburg, 1998).

Die aanbreek van die sogenaamde "nuwe Suid-Afrika" vanaf 1994 het nie – soos sommige naïewelik geglo het - die spreekwoordelike hemel op aarde in Suid-Afrika ingelui nie. Die land word deur misdaad geteister (iets wat duisende mense traumatiseer) en korrupsie slurp miljoene rande op wat vir die opheffing van die slagoffers van apartheid gebruik sou kon word. Sogenaamde "regstellende" aksie word deur baie blankes as omgekeerde rassisme beskou en is een van die faktore wat lei tot 'n nuwe groot trek van (nou hoofsaaklik Afrikaanssprekende) blankes die land uit.

Dit is binne hierdie konteks dat die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog 'n aanvang geneem het. Die herdenking het in meer as een opsig 'n besondere geleentheid geword en daar gaan omtrent nie 'n naweek verby sonder dat een of ander herdenkingsgeleentheid iewers in die land plaasvind nie - al is dit gewoonlik 'n gebeurtenis van beperkte omvang wat nie deur baie mense bygewoon word nie en dan wel hoofsaaklik deur Afrikaanssprekende blankes.[45] Die oorlogsherdenking laat ongelukkig die meeste Afrikaanssprekendes, Engelssprekendes, swart en bruin mense koud. Hoewel sommige regse Afrikaanssprekendes geglo het dat die herdenking tot 'n oplewing in Afrikanernasionalisme sou lei, het hul hoop beskaam.

## 6. SLOTPERSPEKTIEF

Honderd jaar na afloop van die Anglo-Boereoorlog kan (en moet) daar teruggekyk word op die politieke en sosiale ontwikkelingspad van Suid-Afrika in die loop van die twintigste eeu wat besaai lê met die nadelige gevolge van onverwerkte trauma. Dit strek vanaf die verskroeide aarde en die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog deur die rebellie van 1914-1915, die jare van politieke storm en drang in die twintiger- en dertigerjare, die politieke veranderinge van 1939 en (veral) 1948, die implementering van die beleid van apartheid, die gebeure te Sharpeville en elders in 1960, die opstande te Soweto en elders in 1976, en die geweld van die tagtigerjare - wat oorgespoel het na die neëntigerjare.

Soos reeds aangedui, het die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog tot 'n geweldige oplewing in die belangstelling in dié ingrypende (en aangrypende) konflik gelei, maar tog laat dit die meeste van die kleinkinders en agterkleinkinders van diegene wat tydens die Anglo-Boereoorlog geveg het of in konsentrasiekampe saamgehok was, koud. Die nageslag van die getraumatiseerde kampslagoffers het in baie gevalle ná 1948 onder die vaandel van apartheid die

---

45 Sedert Oktober 1999 verskyn daar daagliks een of meer berigte oor die oorlog en/of die herdenking daarvan in die Bloemfonteinse oggendkoerant *Die Volksblad*.

traumatiseerders van die meerderheid (swart) inwoners van die land geword. Hierdie swart getraumatiseerdes en hul kinders swaai nou die politieke septer in die land. Die wit apartheidstraumatiseerders en hul nageslag is nou op hul beurt die slagoffers van "regstellende" aksie en van misdaad, iets wat egter alle landsbewoners raak en tot nog meer bitterheid en trauma aanleiding gee. Plaasmoorde en grondeise "verdryf" talle blanke boere (Boere?) van hul plase. Maar derduisende Afrikaners (afrikaners?) is nie meer in die land om wal te gooi teen die nuwe "aanslag" nie: hulle het reeds die (vergrote voormalige Boere-) republiek verlaat om elders hul heil te gaan soek - ironies genoeg hoofsaaklik in Brittanje of in voormalige Britse kolonies (Australië, Nieu-Seeland, Kanada of die VSA).

Ten einde die bose kringloop van traumatisering tot stilstand te ruk, moet alle Suid-Afrikaners opnuut - of vir die eerste keer - behoorlik van hul omstrede en traumatiese geskiedenis kennis neem, bestek opneem en rekenskap gee. Die sinikus sal bly sê dat wat die mens uit sy/haar geskiedenis leer, is dat die mens nie uit die geskiedenis leer nie. Natuurlik kan daar nie goedkoop of eenvoudige "lesse" uit die geskiedenis geleer word nie, maar die behoorlike bestudering van die verlede verskaf wel aan die mens kennis en insig wat van groot nut is ten opsigte van toekomsbeplanning, soos ook by die oplos van vraagstukke.

Te veel Suid-Afrikaners ly aan historiese geheueverlies: daarom weet hulle nie wie hulle is, waar hulle vandaan kom, hoekom hul huidige situasie is soos wat dit is, of waarheen hulle op pad is nie. Indien die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog - wat immers deel van alle Suid-Afrikaners se gemeenskaplike koloniale verlede vorm - behoorlik geken en begryp word, sal die insig ook deurdring dat die misdade wat teenoor jou eie mense (jou eie ras- of kultuurgroep) gepleeg is, nie deur jou teenoor ander mense herhaal moet word nie.

Geskiedenis verskaf perspektief en dit kontekstualiseer (traumatiese en ander) gebeure. Dit stel 'n mens in staat om verantwoordelikheid te aanvaar en te kan vergewe, sonder om noodwendig te vergeet - daar mag immers nie vergeet word nie; trouens, eerder as dat die boek van die verlede toegemaak moet word (soos sommige politici en andere predik) moet die herinneringe aan die verlede op 'n genuanseerde wyse wakker gehou en gehanteer word. Die geskiedenis kan immers nooit afgesluit word nie; die finale woord kan nooit gespreek word nie - die debat duur steeds voort, en moet gestimuleer word.